

Dinsdag 21 April

Skrifgedeelte: Matteus 12:15-21

Fokusgedeelte: Matteus 12:15, 16

Die swyggebod

Soms is dit nodig om te praat. Daar is egter ook tye wanneer dit beter is om te swyg. Al praat jy die waarheid, kan dit soms gevaarlik wees om dit te vertel. Dit leer ons in hierdie gedeelte, van Jesus.

Kort tevore het Jesus op die Sabbat 'n man met 'n gebrekklike hand genees. Die Fariseërs het niks daarvan gehou nie. Daarom het hulle planne begin beraam om Jesus dood te maak (vs 14).

Jesus het dadelik vertrek en het voortgegaan om almal gesond te maak wat na Hom gekom het. Hy het egter baie duidelik aan elkeen gesê dat hulle nie van Hom in die openbaar moet praat nie. Hy wou gehad het dat die mense Hom nie net sal volg omdat Hy wonders doen nie. Hy stel nie belang in propaganda nie. Nee, Hy sien Homself as 'n Dienaar van sy Vader. So word in die boek Jesaja geprofeteer.

Hy is die gesalfde van die Here. Hy sal God se doel bereik langs die pad van sagmoedigheid, deur verkondiging van die reg van God en deur te ly en te sterf vir almal wat in Hom glo en sal glo.

Die swyggebod staan in verband met die kruis. Die mense moet Jesus nie sien as koning wat heers en regeer nie. Hulle moet glo in 'n koning wat langs die pad van lyding tot heerskappy sal kom.

Daar is tye wanneer ons die vrymoedigheid moet hê om mense van Jesus te vertel. Dit is wanneer mense met gewillige harte bereid is om te luister. Daar is egter ook tye wanneer ons moet swyg, wanneer ons weet dat die tyd nie reg is om van Jesus te getuig nie. Dan is mense nie gereed om met gewillige harte na jou te luister nie.

Sing: Psalm 138-1:1

Ds. PJ van der Walt (Peet) (Emeritus)